

Saterdag 6 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 1:15-19a

Here, gee dat ons U werklik mag ken

Ná die lofprysing sit Paulus sy gebed voort. Hy dank God vir die gemeente se geloof in die Here Jesus, asook hulle liefde vir gelowiges wat hulle nie eers geken het nie. Paulus smee dat God werklike kennis aan die gelowiges sal gee deur aan hulle die Heilige Gees te gee. Die Heilige Gees kan hulle geestesoë verlig sodat hulle God en sy heerlijkheid kan ken. “Ken” beteken hier “ken in liefde”, groei en verdieping in ons verhouding met God in Christus.

Die inhoud van die kennis waarvoor Paulus hier bid, bevat drie dinge: watter hoop God se roeping inhou, die rykdom van ons heerlike erfenis, en hoe geweldig groot sy krag is.

- God roep ons deur sy magtige Woord waardeur Hy alles gemaak het, en waardeur Hy dooie, sondige mense uit die sondegraf geroep het. Ons gebed is dat die Heilige Gees ons sal lei om hierdie roeping waarmee God ons roep, beter en dieper te ken. Hierdie roeping hou vir ons hoop in, en dit gee sekerheid om vir God te lewe.
- Paulus bid dat die Gees aan ons dieper kennis sal gee van die rykdom van ons heer-like erfenis. Ons erf nou reeds God se genade, en eendag die ewige lewe by God.
- Die gebed is ook dat die Gees ons sal laat verstaan hoe geweldig die krag is wat God in ons wat glo, uitoefen. Dit is dieselfde krag waarmee Hy Christus uit die dood opge-wek het.

Sing: Psalm 81:12 (1936)

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)